

16 Augustus

Markus 6:45-51

Het God sy rug op my gedraai?

Dinge loop soms baie skeef en so bitter moeilik vir ons, dat dit selfs vir ons voel of God ook nog die rug op ons gedraai het. Dog hierdie gebeure wat vir ons hier so pragtig beskryf is, hou vir ons net die heerlikste troos in. Jesus het die dissipels gedwing om in die skuit te klim en na die oorkant te vaar, na Betsaida toe. Hulle vaar van Hom af weg en Jesus gaan van die see af en klim die berg uit om te gaan bid.

Hier het ons die letterlike gebeure wat ons soms figuurlik ervaar of selfs geestelik ervaar. Die Here Jesus en die dissipels se rûe is op mekaar gekeer. Hulle voer sy opdrag uit en Hy gaan die berg op om te gaan bid. Maar die heerlike troos lê daarin opgesluit dat terwyl die dissipels teen die wind in beur met die roeispans in die hande en hulle Jesus glad nie kon sien nie, want dit was nag, sien Hy dat hulle swaar kry met roei terwyl Hy bid. Nie die wind of selfs die donkere nag kon verhoed dat Jesus hulle sien nie. Dit wil vir ons sê dat al loop dinge vir ons baie verkeerd, dat die ellende en die beproewinge om ons toesak, kan ons nie onder die oog van Christus uitkom nie. Werkloosheid, siekte of welke beproewing soos 'n wind teen ons aanstorm, bid Christus vir ons OMDAT Hy ons sien. Vat God op sy Woord as Hy sê dat Hy aan die regterhand van God sit, Hy vir ons intree en vir ons bid. Ons is altyd voor God se oog.

Sing: Psalm 116:2,3

Ds. A.H. Mulder (Pretoria)